KUNDALINI VERLOËNINGSGEBED

(NB – Hierdie gebed moet verkieslik nie alleen gebid word nie. 'n Mede-dissipel van Jesus Christus moet verkieslik ook teenwoordig wees om te kan help. Wees ook gereed om die persoon op hul maag te laat lê (sou daar Kundalini manifestasie wees) en hou salfolie en geestelike musiek (met 'n sterk salwing van die Heilige Gees) byderhand.)

Hemelse Vader, ek …….. kom voor U troon in die naam van my Verlosser en Koning, Jesus Christus. Ek staan op die feit dat Jesus Christus, U Seun, vir my aan die kruis gesterf het en al my sonde op Hom geneem het. Hy het aan die kruis uitgeroep *"Dit is volbring!"* en daarmee verklaar dat die volle prys betaal is vir my redding, innerlike genesing en vrymaking!

Ek kom as mede-erfgenaam van Jesus Christus voor U Vader om my en my kinders se vryheid op te eis van Kundalini (die vals heilige gees). Ek verklaar dat die Bloed van Jesus Christus beskikbaar is en gereed is om my en my kinders te was van alle ongeregtigheid, hetsy Kundalini deur my voorgeslagte se sondes in my gekom het of vanweë my eie sonde.

Ek kom nou teen die volgende demoniese magte wat eintlik maar almal op die vals heilige gees Kundalini neerkom:

- Die vals Babiloniese drie-eenheid Nimrod, Semiramis en Tammuz;
- Die egiptiese god Ureaus of Thoth, asook die vals drie-eenheid Isis, Osiris en Horus;
- Die vals drie-eenheid van die Hindu en oosterse gelowe Brahman, Shiva en Vishnu;
- Die griekse god Hermes;
- Die romeinse god Mercurius;
- Die Chinese Chi-krag (en Japanese Kia-krag)
- Al die name van die vals heilige gees soos in die verskillende kulture en gelowe ook Esprit, Elan, Vital, Orgone, Baphomet, Hiram Abiff, Shekinah, Baraka, Skati, Prana ens.

Ek verklaar dat hierdie alles demoniese magte is en ek en my kinders en hele nageslag verwerp dit en wil niks daarmee te doene he nie.

Ek bely en verklaar nou die volgende aktiwiteite van myself en/of my voorgeslagte as sonde en 'n gruwel voor U oë Jesus Christus en ek vra (ook namens my voorgeslagte en my kinders) onvoorwaardlik om vergifnis dat ek en/of my voorgeslagte daarin betrokke geraak het:

1. Okkultiese praktyke en heksery

Enige okkultiese optrede en heksery waartydens rituele gedoen is, offers gebring is aan Satan en waartydens ek en my kinders (en my hele bloedlyn) geoffer en daardeur aan Satan toegewy is.

Enige waarseëry, oproep van geeste, numerologie, alchemie, astrologie en enige ander okkultiese optrede

……

……

……. deur myself en/of my voorgeslagte.

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ

Ek verklaar hierdie offers, rituele en vloeke asook al die okkultiese optrede van myself en my voorgeslagte nou nietig in die naam van Jesus en vra dat Jesus se Bloed my en my kinders nou sal skoon was van enige effek daarvan.

2. Baäl of Songod aanbidding

Enige Baäl of Songod aanbidding in die voorgeslagte waartydens babatjies geoffer is aan Baäl, Molech of Rha en vloeke deur die Baälpriesters gespreek is oor die mense asook hulle kinders en hulle bloedlyne tot in ewigheid om hulle psigies, fisies en/of geestelik toe te wy aan Satan.

Hierdie offers en vloeke word nou oor my en my kinders gebreek en ek verklaar dat die Bloed van Jesus my skoon was van enige ongeregtigheid as gevolg daarvan.

3. Saad van die Nephilim

Die saad van die Nephilim wat in die menslike ras ingekom het vanweë die feit dat ons voorgeslagte duisende jare gelede met demone seks gehad het en so Nephilim voortgebring het. Hierdie Nephilim kon voor Jesus se tyd voortplant en die menslike ras is met die saad van Satan besmet.

Ek verklaar in Jesus se naam dat al die saad van Satan nou deur Jesus se Bloed nietig verklaar word en in my en my kinders sal sterf.

4. Aanbidding en/of verering van die vals drie-eenheid

Enige aanbidding van die vals drie-eenheid deur myself en/of my voorgeslagte as deel van enige vals godsdienste (hetsy Nimrod, Semiramis en Tammuz of Isis, Osiris en Horus of die vals Jesus van die Katolieke Kerk) word nou uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

5. Geheime organisasies bv. Vrymesselary

Enige deelname (wat insluit rituele, gebede, offers en vloeke) deur my en/of my voorgeslagte aan geheime organisasies soos Vrymesselary, die Jesuite, die Knights Templars, die Rosicrusians ens. waar Lucifer (die god van die New Age) as die “Great Architect of the Universe” (of onder enige ander naam) bewustelik of onbewustelik aanbid en vereer is, word uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

Elke graad van die Skotse Rite, die York Rite sowel as die Egiptiese Rite van Vrymesselary wat deur my en/of my voorgeslagte behaal is word nou uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

- Die rituele wat spesifiek deel vorm van die eerste 3 grade van die Blue Lodge van Vrymesselary waartydens die Kundalini in my en/of my voorgeslagte opgewek is word hiermee uitgekanselleer met die Bloed van Jesus.

- Enige verbond wat deur myself of my voorgeslagte (as deelname aan geheime organisasies) met Lucifer gesluit is en waartydens ek, my kinders en my nageslag

aan Lucifer (Satan) toegewy en verbind is, word nou uitgekanselleer met Jesus se Bloed tesame met enige rituele, gebede en vloeke wat daarmee saamgegaan het.

6. Betrokkenheid by die New Age

Deelname deur myself en/of my voorgeslagte aan aktiwiteite wat resorteer onder die "New Age" beweging naamlik meditasie, visualisering, oproep en toekenning van "spirit guides" (geeste), alternatiewe genesingsmetodes wat gebruik maak van Kundalini krag, tarot kaarte, kristal genesing, die volg van 'n geestelike guru en aanbidding van enige god (ongeag naam) onder die indruk dat alle gode eintlik maar dieselfde god is.

Here Jesus, ek bely ook dat ek die volgende New Age boeke gelees het
……
……
……

Meld ook enige ander new Age betrokkenheid:
……
……
……
…… ……

Jesus, ek vra dat U U kruis sal plant tussen my en al hierdie persone sodat die vyand nie weer geleentheid sal kry om my deur enige van hulle aan te val nie.

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

7. Joga, Karate en oosterse gevegskuns

Here Jesus, ek weet dat beide Joga en oosterse gevegskunste soos Karate, Kung-Fu ens. gebaseer is op die oosterse gelowe wat weer hul wortels in sonaanbidding het. Deur my en/of my voorgeslagte se deelname aan enige van hierdie aktiwiteite het ek myself en my kinders dus onwetend blootgestel aan besmetting deur die Kundalini gees (ook bekend as "life-force" of "chi").

Bely hier enige spesifieke betrokkenheid by Joga, Karate en oosterse gevegskunste:
……
……

Ek kanselleer nou met Jesus se Bloed elke beweging in Joga en elke Kata in Karate wat ek aan deelgeneem het. Ek bely as sonde dat ek onwetend aan die songod eer betoon het. Ek trek my eerbetoon aan die songod onvoorwaardelik terug en ek vra Jesus dat U my sal skoon was met U bloed van enige ongeregtigheid wat kleef aan Joga en Karate asook aan al die oosterse gevegskunste.

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ

Ek sny ook hiermee al die onheilige sielsbande tussen myself en my Joga instrukteur of instruktriese asook my Karate sensei of instrukteur. Skryf hul name hier: ……

Jesus, ek plant ook U kruis tussen myself en hierdie persone en verklaar teenoor die vyand dat hy nooit weer deur enige van hierdie mense sal werk om my aan te val nie.

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

8. Perverse seks en homoseksualisme

Ek bely dat ek en/of my voorgeslagte perverse seks (soos tantriese seks) beoefen het of daarin belang gestel het.

Ek bely dat ek en/of my voorgeslagte homoseksueel was en/of deur anale seks die Kundalini toegang to my sielsdimensie en liggaam gegee het.

Ek sny ook hiermee al die onheilige sielsbande tussen myself en enige seksuele maats wat ek gehad het. Skryf hul name hier:
……
……..

Jesus, ek plant ook U kruis tussen myself en hierdie persone en verklaar teenoor die vyand dat hy nooit weer deur enige van hierdie mense sal werk om my aan te val nie.

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

9. New Age spa's, warm klippe behandeling ens.

Here Jesus, ek bely dat dit U nie ge-eer het dat ek sekere New Age gesondheidspa's besoek het nie aangesien ander gode as U daar vereer word.

Skryf die name van die spa's hier in asook die terapie of behandeling wat ontvang is:……
……
……..

Here Jesus ek bely as sonde dat ek my siel en liggaam oopgestel het vir Kundalini deur behandeling met warm klippe op my sogenaamde "chakras" of energiesentrums. Ek bely dat ek onwetend toegelaat het dat my "chakras" oopgaan en dat die Kundalini dus sodoende toegang tot my liggaam verkry het. Ek vra Jesus dat U my daarvoor sal vergewe en my sal was met U Bloed.

Ek sny ook nou in die gees enige onheilige sielsbande tussen myself en daardie spesifieke spa's en ook tussen myself en die terapeute wat betrokke was. Ek vra ook Jesus dat U nou U kruis sal plant tussen my en daardie mense in die gees sodat die vyand my nooit weer deur hulle sal kom aanval nie

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk van hulle en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

10. Sg. alternatiewe genesing

Here Jesus, na alles wat ek geleer het besef ek nou dat die volgende alternatiewe genesingsmetodes wat ek ondergaan het U nie ge-eer het nie aangesien die bron van die genesing demoniese krag van die Kundalini was:

……
……

Here Jesus, ek vra om vergifnis dat ek bewustelik of onbewustelik myself oopgestel het vir Kundalini besmetting deur hierdie alternatiewe genesingsmetodes en vra dat U my sal vergewe en skoon was met U Bloed.

Ek plant ook nou U kruis tussen my en enige bedienaar van die alternatiewe genesing en vra dat U alle onheilige sielsbande tussen my en hulle sal sny. Lys die name van die mense hier

……

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk van hulle en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

11. Bywoning van charismatiese eredienste of bedieninge waar met Kundalini bedien is en die navolging (verering) van vals profete

Here Jesus, ek kom bely voor U troon dat ek mislei was om te dink dat Kundalini die ware Heilige Gees is. Here ek is mislei by die volgende charismatiese kerke of bedieninge waar ek nou weet (op grond van wat ek geleer en gesien het) daar met Kundalini bedien is:

……
……
……
…….. ……..(lys die name van die kerke/bedieninge)

Here Jesus, die volgende predikers/profete het bewustelik/onbewustelik met Kundalini bedien:

……
……
(ook TV evangeliste asook DVD's ens. wat gekyk is)

Ek sny nou in Jesus se naam die onheilige sielsbande tussen my en enige bedienaars van Kundalini wat my wetend of onwetend besmet het met die vals heilige gees. Ek vergewe hulle en spreek hulle vry.

Jesus ek vra ook dat U U kruis sal plant tussen my en hierdie persone sodat die vyand my nie weer deur hulle sal kan aanval nie.

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ

Indien daar enige demoniese sielskopiee van hulle in my is beveel ek hulle nou om te konsolideer tot een kopie elk van hulle en om te wag om deur Jesus geoordeel te word.

Here Jesus, ek bely as sonde voor U troon dat ek onwetend die vals drie-eenheid (Satan) aanbid en vereer het. Ek vra dat U my sal vergewe vir hierdie dwaling en dat ek nie die waarheid lief genoeg gehad het nie en dat U my sal skoonwas met U Bloed.

Enige invulling met Kundalini (deur handoplegging of op enige ander manier), enige vals genesing, vals gawes (insluitend vals profesie en vals tale), vals manifestasies asook vals wonderwerke wat ek as deel van die Kundalini bediening ontvang het verwerp ek nou en ek vra dat U my sal skoon was daarvan Here Jesus met U Bloed.

12. Najaag van emosionele opsweping, vals tekens en wonders asook die verafgoding van sekere mense

Here Jesus, ek besef nou na alles wat ek gesien en geleer het dat ek onwetend tekens en wonders nagejaag het in plaas van om net U teenwoordigheid en U wil te soek. Dit het my ontvanklik en kwesbaar gemaak om deur vals tekens en wonders betower te word sodat die Kundalini sy houvas op my kon kry.

Ek besef ook nou Here dat ek onwetend (of wetend) mense nagejaag en amper verafgod het in plaas van om net na U te soek en U te aanbid. Dit het my ook oopgestel vir misleiding en my kwesbaar gemaak vir die Kundalini se houvas in my sielsdimensie en liggaam.

Here Jesus, ek bely hierdie optrede van my om tekens en wonders asook sekere predikers na te jaag as sonde (afgodery) en verklaar dat ek in die toekoms net na U gaan soek, U teenwoordigheid en U wil.

13. Bedroewing van die Heilige Gees

Heilige Gees, ek bely dat ek U vreeslik moes bedroef het deur ‘n ander god as U te aanbid en deur toe te laat dat ek mislei word om te dink dat die manifestasies van Kundalini van U afkomstig was. Ek vra om vergewing hiervoor en vra dat U my sal vryspreek en was met U Bloed Jesus.

Here Jesus ek vergewe ook my voorgeslagte vir al hul sondes wat die Kundalini toegang tot my en my kinders se sielsdimensies en liggame kon gee. Ek vergewe egter ook myself dat ek toegelaat het dat ek mislei word en dat ek die vals heilige gees (en daardeur ook die vals Jesus aanbid het).

Indien daar enige saad van Kundalini in my (en/of my kinders) se sielsdimensies en liggame by konsepsie in die baarmoeder ingekom het, vra ek nou Jesus dat U daardie saad van Kundalini nou sal laat sterf en nie verder groei nie.

In die naam van Jesus Christus vra ek nou dat met die kragtige werking van die Heilige Gees en op grond van Jesus se Bloed wat vir my betaal het, elke demoniese sielskopie wat die Kundalini gees binne in my vashou nou sal konsolideer tot een kopie van elk.

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ

Ek sny elke demoniese sielskopie ook nou in die naam van Jesus los van mekaar en van die demoniese outoriteite bokant hulle. Ek sny hulle spesifiek ook los van Kundalini, Misleiding, Verwarring, Mind-control, Manipulering en Beheer asook die New Age gees en Lucifer. Ek sny hulle ook los van elke oop portaal na Satan se ryk en ek sny hulle spesifiek af van die Piramides, Stone Henge, die sterre konstilasies en die Afrikaner Voortrekker Monument (Baal tempel). Ek sny hulle af van elke satanistiese altaar en van elke New Age guru asook Vrymesselaar, lid van die Illuminati, heks of towenaar in die wêreld.

Ek vra U nou Jesus, dat U deur die krag van U Heilige Gees elke demoniese sielskopie wat Kundalini in my en/of my kinders vashou uit my siel en liggaam sal uitruk.

Ek bind nou in die naam van Jesus Christus my Verlosser vir Kundalini, ek beveel hom om sy stert uit sy bek te haal en ek beveel elke een van my chakras om oop te maak, asook my kroonchakra. Ek beveel Kundalini nou in Jesus se naam om uit my siel en liggaam uit te gaan. Nou! Jesus U bloed oor my gees, siel en liggaam …

(Indien Kundalini nie wil uitgaan nie – seël weer die chakra van die 3de oog met Jesus se bloed en beveel hom steeds om uit te gaan. Sit geestelike musiek met ‘n groot salwing aan om te help (demone “haat” geestelike musiek met ‘n salwing van die Heilige Gees).

Wanneer Kundalini uit is: Beveel die chakras om weer te sluit en seël elke chakra met Jesus se Bloed. Wend Jesus se Bloed oor die hele werwelkolom aan en bid ook vir fisiese genesing van die liggaam.

Jesus, baie dankie vir die bevryding en genesing wat U aan my gegee het. Ek vra nou dat U my sal vul met U Heilige Gees in gees, siel en liggaam en spesifiek ook in die spasies wat deur Kundalini opgeneem is. Reinig my nou met U Bloed Jesus en vul my met U Heilige Gees.

Jesus, ek vra nou ook vir al 9 die gawes van U Gees en spesifiek die gawe van onderskeiding sodat ek in die toekoms sal kan onderskei tussen die ware en die vals Heilige Gees. Jesus, indien Kundalini aan my ‘n vals taal of enige ander gawe gegee het vra ek dat dit nou vervang sal word met die ware gawes, onder andere van profesie, genesing, wysheid, woord van kennis, wonderwerke, bonatuurlike geloof, tale en uitleg van tale ens.

Here Jesus, ons dank U weereens vir al die geestelike seeninge wat ons nou ontvang het en vra dat U dit sal beseël met U Bloed.

AMEN

September 2015 – Copyright belongs to Ignited in Christ